**17 SEPTEMBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 93**

**FOKUSGEDEELTE: PSALM 93:1**

## God is ewig Koning

God is nie mens nie, tog word Hy in menslike terme beskrywe. Vir die ou Israeliete was koningskap ‘n bekende begrip, ook vanweë die konings van die nasies rondom hulle. Die konings het regeer, het majesteit besit en hoe langer hulle regeer het, hoe groter was hulle naam.

Ver bo die konings van Israel was die mag van God. Hy is vir ewig Koning. So het Moses Hom vroeg reeds bely (Deut. 33:5). Sy koningskap het bekend geraak deur die heerlikheid van sy verskynings, soos in sy ontmoetings met Moses en in sy roeping van Jesaja – uiteindelik in die koms van sy Seun, wat die dood oorwin het en opgevaar het na die hemel.

Ook die magtige dade van God bevestig sy koningskap. Hy red sy volk uit Egipte en bewaar hulle deur die woestyn. Deur sy mag word die heidense nasies verdryf. Selfs grotes soos Nebukadnesar moes erken dat Hy God is. Al woel die nasies soos stormagtige waters en selfs al rig tsunami’s groot skade aan, God is hoog daarbo verhewe.

Wie is vir jou die magtigste heerser op aarde? Konings ken ons nie eintlik nie, maar presidente wel. Ons is bekend met presidente van byvoorbeeld lande en internasionale organisasies. Sou jy jou God met hulle vergelyk? Verstom sy almag jou? Uit wie Hy is, uit sy heerlikheid en volmaakte heiligheid en uit sy geweldige sy dade word sy grootsheid duidelik. Bowenal weet ons dat sy heerskappy vir ewig is. Eer Hom daarvoor en prys sy Naam saam met alle nasies!

*Sing: Psalm 93:1 (Totius, bl. 470), Psalm 93:3 (Cloete, bl. 471)*

*Dr Callie Opperman (Windhoek-Suid)*